


# Die Skepping Seisoen

SEPTEMBER 1 TOT OKTOBER 4 - 2021



“Ons verhouding met die omgewing kan nooit apart gesien word van ons verhouding met ander en met God nie.”

Pous Franciskus,  
*Laudato Si* 19

**BID EN NEEM AKSIE  
VIR ONS ALMAL  
SE TUISTE**



**VOORSTELLE VIR VOORBEREIDING OP  
DIE LOODS VAN DIE SKEPPING SEISOEN NAWEEK  
28/29 AUGUSTUS 2021**

## **1. INLEIDING**

- Tydens die maandlange Skepping Seisoen vra die Biskoppe Konferensie ons om deur *GEBED* en *SORG* na te dink oor ons rol in God se Skepping.
- Dit is 'n tydjie om ons verhouding met ons omgewing onder oë te neem — nie net die natuur op 'n afstand waar te neem nie, maar nog belangriker, die plek waar ons woon — en hoe ons leefwyse en besluite, persoonlik en gemeenskaplik, die natuurlike wêreld en almal wat dit bewoon, mense sowel as ander skepsels, in gevaar kan stel.
- Net maande nadat hy in 2015 sy ensieklik "*Laudato Si'*", oor "*Die Sorg vir Ons Gemeenskaplike Tuiste*," gepubliseer het, het pous Franciskus formeel die **Wêreld Biddag vir die Sorg van die Skepping** by die Katolieke kalender ingevoeg as 'n jaarlikse dag van gebed. En in 2019, het hy Katolieke amptelik uitgenooi om die volle seisoen te vier wat strek vanaf 01 September tot 04 Oktober, die Fees van Sint Franciskus van Assisi, die beskermheilige van die ekologie.
- Die Skepping Seisoen "is 'n tyd om ons roeping te herontdek as kinders van God, as broers en susters, en as diegene aan wie God sy skepping toevertrou het. Nou is die tyd vir berou, om ons te laat bekeer en terug te keer na ons oorsprong," soos pous Franciskus in 'n brief geskryf het. "Ons is God se geliefde skepsels, Hy wat ons in sy goedheid oproep om die lewe lief te hê en dit in gemeenskap met die res van die skepping uit te leef". In dié tyd moedig pous Franciskus ons aan "om te bid, na te dink en tot aksie oor te gaan." (*Pous Franciskus – Wêreld Biddag vir die Sorg van die Skepping 2019*)
- Ten slotte hoop ons deur die heelyd die Skepping Seisoen met *Laudato Si'* te verbind, om belangstelling in dié dokument aan te wakker sodat mense dit self sal wil lees.

## **2. SKULDBELYDENIS – AS DEEL VAN DIE EUCHARISTIEVIERING, OF AS ONDERDEEL VAN 'N WOORDDELING IN KLEIN CHRISTENGEMEENSKAPPE OF FAMILIEGROEPE, VERENIGINGS OF ORGANISASIES ENS.**

Kom ons bely ons skuld, en die skuld van ons samelewing in ons misbruik van God se Skepping.

- God onse Vader, ons het berou oor al die kere toe ons u gawes misbruik het en ondankbaar opgetree het.  
*Here, ontferm U oor ons.*
- Ons bely ons onbedagsaamheid en selfsug, soos ons die skepping misbruik en nie omgee vir die wêreld wat U aan ons geskenk het nie. *Christus, ontferm U oor ons.*
- Ons vra om vergifnis vir ons gierigheid deur dinge vir onself op te gaan, sonder om aan ons naaste in nood te dink.  
*Here, ontferm U oor ons.*

## **3. INLEIDING TOT DIE SKRIF**

Die Bybel leer ons dat elke mens uit liefde geskep is en na God se beeld en gelykenis gemaak is (cf. *Gen. 1:26*). Dit is mos 'n teken van die groot waardigheid wat elke mens toekom, "die mens is nie 'n iets nie, maar iemand [...] in staat om hom-/haarself te ken, om self beheer oor sy/haar eie lewe te neem en om hom-/haarself vrylik te gee en verhoudings met ander aan te gaan" (*Laudato Si'* 65)

#### 4. VOORBEDE

1. Ons bid vir elke mens—gebore en ongebore—wat ly onder die gevolge van die besoedeling van ons omgewing. Ons bid tot die Here. *Ons bid U, verhoor ons.*
2. Ons bid vir hulle onder ons wat die armste en die mees kwesbaar is, hulle wat onreg verduur en skade ly omdat hulle waterbronne bevuil en besoedel is. Ons bid tot die Here. *Ons bid U, verhoor ons.*
3. Ons bid om die genade om die skepping “te versorg en te koester” soos God ons oproep om te doen. Ons bid tot die Here... *Ons bid U, verhoor ons.*
4. Ons bid dat ons tydens hierdie maand begeesterd sal word om pous Franciskus se ensieklik, *Laudato Si'*, op te neem, te lees en toe te laat dat dit ons besiel. Ons bid tot die Here... *Ons bid U, verhoor ons.*
5. Ons bid dat ons met verstandigheid sal reageer op die Kerk se lering dat klimaatsverandering 'n dringende morele kwessie is. Ons bid tot die Here... *Ons bid U, verhoor ons.*

#### 5. GEBED VIR DIE SORG VAN DIE SKEPPING

“O God van die armes, help ons om almal op aarde te red wat agtergelaat en vergete is, hulle wat so kosbaar is in u oë... God van liefde, toon aan ons die plek wat ons in hierdie wêreld inneem as mense waardeur u liefde na al die skepsels van die aarde uitvloei” (ibid., 246), Barmhartige God, gee ons u vergifnis en laat ons regdeur ons gemeenskaplike tuiste draers van u barmhartigheid word. Lof aan U! Amen. (*Pous Franciskus 2016*)

#### 6. SONDAG AS DIE DAG WAAROP ONS VERHOUDING MET GOD, ONNSELF, ANDER EN DIE WÊRELD GENEES WORD

Pous Franciskus herinner ons: “Ons deelname aan die Eucharistie op Sondag het 'n besondere betekenis.

Sondag, net soos die Joodse Sabbat, is bedoel as 'n dag waarop ons verhouding met God, met onself, met ander en met die wêreld gesuiwer en genees word.

Sondag is die dag van die Opstanding, die ‘eerste dag’ van die nuwe skepping, waarvan die eerste vrugte die Here se verrese menswees is, waarborg vir die gedaanteverandering van die hele geskape werklikheid. Bowendien verkondig hierdie dag “die ewige rus” van die mens by God.’

So vul die Christelike spiritualiteit die waarde van rus en feesviering aan. (*Laudato Si'* # 237)

**AKSIE - Deur ons tafelgebed vóór en ná maaltye gee ons uitdrukking aan ons dankbaarheid teenoor God vir alles wat Hy voorsien.**

- Dank God vir die lewegewende voedsel wat ons voed en aan die lewe hou.
- Dink 'n bietjie daaraan hoe al ons voedsel eintlik uit die aarde voortkom, en hoe mensehande dié voedsel na ons tafel gebring het.
- Kom ons sien dit raak, soos *Laudato Si'* ons leer, dat hierdie “oomblik van seëning, ook al is dit heel kort, ons daaraan herinner dat ons geheel en al afhanklik is van God vir ons lewens” (*Laudato Si'* # 227)

WOENSDAG 1<sup>STE</sup> SEPTEMBER

WÊRELD BIDDAG VIR DIE SORG  
VAN DIE SKEPPING (sien aparte pamflet)



DONDERDAG 2<sup>DE</sup> SEPTEMBER - BID

Gebed vorm die middelpunt van ons lewens as Christene. Om saam te bid, verdiep ons verhouding met ons geloof en bring nuwe vrugte van die Gees voort. Soos Jesus ons geleer het, “waar twee of drie in my Naam byeen is, daar is Ek in hulle midde” (Matteus 18:20).

### 1. Wat sê die Woord van God: (Jakobus 5: 13; 16)

“As iemand van julle swaarkry, moet hy bid. As iemand opgeruimd is, moet hy psalms sing.[...] Die gebed van ‘n regverdige is baie kragtig in sy uitwerking”.

### 2. Wat sê Laudato Si: (# 240)

“Want die mens verander, groei en heilig homself namate hy verhoudings aangaan, as hy buite homself tree om in gemeenskap met God, met ander mense en met alle skepsels te lewe. So neem hy in sy eie bestaan die drievuldige dinamiek op wat God vanaf die begin af in sy skepping geplaas het. Alles is met mekaar verbonde en dit nooi ons uit om ‘n spiritualiteit van globale solidariteit te ontwikkel, wat voortkom uit die geheimenis van die Drie-eenheid.”.

### 3. Gedagte vir Vandag

St. Jakobus voer aan dat die eerste ding wat ons moet doen wanneer ons swaarkry is om tot God te bid. Bid ons oor die klimaatkrisis? Bid ons om God se barmhartigheid vir mense en plekke wat swaar deurloop onder vernietigende en katastrofale droogte of vloede, storms of erosie? Bid ons ook vir politieke leiers om van ingesteldheid te verander sodat hulle die moeilike en ongewilde besluite wat hulle oor klimaatverandering sal moet neem beter kan begryp.

Dit wat die Kerk ons leer en wat deur die heilige pous Johannes Paulus II, asook pous Benedictus XVI en pous Franciskus en soveel ander onderrig is, saam met die bevindinge van die wetenskap, dui baie duidelik daarop dat daar aksie geneem sal moet word om die klimaatkrisis en die gevolge daarvan om te draai. Daar is egter een ding wat altyd enige aksie moet voorafgaan en dit is: gebed.

### 4. Gebed vir Vandag

“Almagtige God,  
U is oral aanwesig; in die uitgestrektheid van die heelal  
en in die kleinste van u skepsels.  
In teerheid omhels U alles wat bestaan.

Stort u liefdeskrag ook uit oor ons,  
sodat ons die lewe en skoonheid sal beskerm.  
Vervul ons met vrede,  
sodat ons as broers en susters saam mag lewe  
en niemand skade aandoen nie.

O God van die armes,  
help ons om hulle te red  
wat op hierdie aarde verstote en vergete is,  
maar so kosbaar is in u oë.

Genees ons,  
sodat ons die wêreld sal beskerm  
en nie uitbuit nie,  
sodat ons skoonheid sal saai  
en nie besoedeling en verwoesting nie.

Raak die harte aan van hulle wat net wins najaag  
ten koste van die armes en van die aarde.

Leer ons om die waarde van elke ding raak te sien,  
sodat ons vol verwondering tot besinning sal kom  
en insien dat ons, op ons weg na u oneindige lig,  
ten diepste verbonde is met alle skepsels.

Ons dank U dat U elke dag met ons is.  
Ons bid U: Versterk ons in ons stryd  
vir reg, liefde en vrede. Amen” (*Laudato Si’* 246)

## 5. Aksie vir Vandag

© Bid die Ligryke Geheimenisse van die Rosekrans, by uself of saam as Klein Christengemeenskap, Bedieningsgroep of as gesin en vriende.

### **Eerste Geheimenis: Die Doop van die Here**

*“In daardie dae het Jesus vanaf Nasaret in Galilea gekom, en Hy is deur Johannes in die Jordaan gedoop. Net toe Hy uit die water opkom, het Hy die hemel sien oopgaan en die Gees soos ‘n duif op Hom sien neerdaal. En ‘n stem het uit die hemel gekom: ‘Jy is my Seun, my geliefde. Oor Jou verheug Ek My!’”.* (Mark 1, 9-11)

Sonder water is daar geen lewe nie: sonder hierdie wonderbaarlike gawe sou die skoonheid van ons planeet nie so asemrowend wees nie; sonder water is daar geen herlewing of vernuwning nie, waar, ons deur die waters van die Doop ingelei word in die hart van die Drie-eenheid wanneer die woorde ‘Ek doop jou in die naam van die Vader en van die Seun en van die Heilige Gees’ oor ons uitgespreek word. Die Doop is ‘n teken van nuwe lewe. Almal van ons word uit water in die lewe gebore, en deur die Doop gebruik God se Gees water om ons as Christen gelowiges in te lyf in ‘n nuwe bestaan, ‘n lewe wat uitsien na die volheid van God se heerskappy.

Vars drinkwater is van primêre belang vir ons oorlewing omdat menslike lewe nie daarsonder kan bestaan nie. Net so is dit noodsaaklik vir allerhande ekostelsels. Varswaterbronne is noodsaaklik vir gesondheidsorg, landbou en nywerheid. Waterbronne moet ook relatief konstant wees, maar nou is daar baie plekke waar die aanvraag dit wat beskikbaar is oorskry, met dramatiese gevolge op die kort- en langtermyn. (*Laudato Si’* 28)

### **Tweede Geheimenis: Die Huweliksfees by Kana**

*“Op die derde dag was daar ‘n bruilofsfees by Kana in Galilea, en Jesus se moeder was daar. Ook Jesus en sy dissipels is na die bruilofsfees genooi. Toe die wyn opraak, sê Jesus se moeder vir Hom: “Hulle het nie meer wyn nie.” Maar Jesus sê vir haar: “Vrou, waarom pla u My? My uur het nog nie aangebreek nie.” Sy moeder sê vir die dienaars: “Doen wat Hy ook al vir julle sê.” Dit het Jesus by Kana in Galilea gedoen, die begin van sy tekens.*

*Hy het sy heerlikheid geopenbaar en sy dissipels het in Hom geglo.” (Joh. 2, 1-5.11)*

Dié wonderwerk waarby nie net gewone water in wyn verander is nie, maar waar water wat gebruik sou word om mense se voete te was in die beste wyn van die huweliksfees te verander is, maak Jesus se mag duidelik en “openbaar sy heerlikheid”. Dit lei direk tot die dissipels se geloof in Jesus as Iemand wat van God kom. Die water wat verander is word ook ‘n simbool van die samewerking tussen God en ons. Wyn, wat eintlik die konsentraat is van water, aarde en druiwe is een van daardie natuurlike produkte wat God ons gee en tot ons beskikking stel om te geniet. Sodat daar geen tekort aan wyn is nie, vra God ons om ons almal se tuiste te versorg.

### **Derde Geheimenis: Die Verkondiging van God se Ryk**

*“Nadat Johannes gevange geneem is, het Jesus na Galilea gegaan, waar Hy die evangelie van God verkondig het. Hy het gesê: ‘Die bestemde tyd is vervul, en die koninkryk van God is op hande. **Bekeer** julle en glo die evangelie!’”. (Mark 1,14-15)*

In *Laudato Si’*, vra pous Franciskus ons om ‘n ekologiese bekering, waar ons onderneem om in harmonie met die natuur saam te lewe, in plaas daarvan om dit te domineer. Dit, sê hy, begin by ‘n verandering in ons leefwyse om so seker te maak dat almal gelyk toegang het tot die Aarde se hulpbronne, ook die toekomstige generasies. “As ons in staat is om individualisme te oorwin, kan ons daadwerklik ‘n alternatiewe leefstyl ontwikkel en word ‘n verandering in die samelewing moontlik.” “Onselfsugtige besorgdheid vir ander mense, en die verwerping van elke vorm van egosentrisme en selfbeheptheid is absoluut noodsaaklik as ons waarlik begaan wil wees oor ons broers en susters en die natuurlike omgewing.” (*Laudato Si’* 208)

### **Vierde Geheimenis: Die Gedaanteverwisseling/Verheerliking**

*“En terwyl Hy besig was om te bid, het die voorkoms van sy gesig verander, en sy klere het helderwit geskitter. Daar kom toe ‘n stem uit die wolk wat sê: ‘Dit is my Seun, die Uitverkorene. Luister na Hom’”. (Luk 9, 29.35)*

*Jesus is God, “die fontein van die lewe” in Wie se lig ons die lig sien” (Ps. 38:10). Daardie lig verander en verheerlik ons, anker en omvorm ons in God; dié lig is Jesus, “die ware lig wat elke mens verlig,” want “in Hom was lewe, en dié lewe was die lig vir die mense”. (Joh. 1:9, 3-4).*

Die Evangelie van die lewe en die lig en die onsterflikheid het onder ons geskyn as materiële lig, ‘n lig van hierdie wêreld.

“Die Nuwe Testament vertel ons nie net van die aardse Jesus en sy konkrete en liefdevolle verhouding met die wêreld nie. Dit wys ons ook Jesus as die opgestane en verheerlikte Een, aanwesig in die hele skepping deur sy universele heerskappy”. (*Laudato Si’* 100)

### **Vyfte Geheimenis: Die Instelling van die Eucharistie**

*“Terwyl hulle eet, het Jesus brood geneem, en nadat Hy die seëngebed uitgespreek het, breek Hy dit, gee dit vir sy dissipels en sê: ‘Neem, eet, dit is my liggaam.’ Toe het Hy die beker geneem, gedank, dit vir hulle gegee en gesê: ‘Drink almal daaruit, want dit is my bloed’”. (Matt 26, 26-27)*

“In die Eucharistie vind die skepping sy grootste verheffing.” In die Eucharistie kom Jesus “nie van bo af nie, maar van binne, Hy kom sodat ons Hom in ons wêreld kan vind”. So dank die hele skepping vir God. “Dit is inderdaad so dat die Eucharistie self ‘n aksie van kosmiese liefde is: ‘Ja, kosmies! Want selfs wanneer dit op die nederige altaar van ‘n buitestase gevier word, word die Eucharistie altyd op die een of ander manier op die altaar van die wêreld gevier.’ “Die Eucharistie verbind die hemel met die aarde, dit omhels en deurdring die hele skepping. Dit, wat uit God se hand gekom het, keer in vreugdevolle en volledige aanbidding na Hom terug. [...] Daarom kan die Eucharistie ons verlig en motiveer in ons sorg vir die omgewing en kan dit ons aanspoor om bewakers van die hele skepping te word.” (*Laudato Si’* 236).

## **Pous Franciskus sluit sy ensikliek *Laudato Si'* af deur eer te betoon aan Maria die Moeder en Koningin van die hele Skepping.**

“Maria, die Moeder wat vir Jesus gesorg het, sorg nou met moederlike teerheid en smart vir hierdie gekwetste wêreld. Soos sy met ‘n deurboorde hart oor die dood van Jesus geweene het, het sy nou medelye met die lyding van die gekruisigde armes en van die skepsels van dié wêreld wat deur menslike mag uitgeroei word. Sy leef nou met Jesus, geheel en al van gedaante verander, en alle skepsels besing haar skoonheid.

Sy is die Vrou, “beklee met die son, met die maan onder haar voete, en op haar kop ‘n kroon van twaalf sterre” (Op 12:1).

Opgeneem in die hemel, is sy Moeder en Koningin van die hele skepping. In haar verheerlikte liggaam het sy saam met die opgestane Christus, as deel van die skepping, die volheid van haar skoonheid bereik. In haar hart koester sy nie net die hele lewe van Jesus, wat sy met sorg “bewaar” (cf. Luk 2:19,51) het nie, maar nou begryp sy ook die betekenis van alle dinge.

Daarom kan ons haar vra dat sy ons help om met wysheid na hierdie wêreld te kyk.” (LS 241)

### **GEBED tot MARIA, MOEDER en KONINGIN van die HEELAL**

Maria, Moeder en Koningin van die Heelal, u is Koningin omdat u die Moeder van die Vleesgeworde Woord is. Christus is universele Koning omdat Hy deur sy persoonlike eenheid met die Godheid oor alle skepsels heers. Hy is Koning en u is Koningin van alle harte.

Heers oor ons met u liefdesmag sodat die Koninkryk van u Seun, – die Ryk van waarheid en lewe, van heiligheid en genade, geregtigheid, liefde en vrede –op aarde mag kom. Skenk genadegawes aan alle mense, en aan die Kerk die Heilige Gees en aan die hele wêreld vrede. Amen.

### **VRYPDAG 3<sup>de</sup> SEPTEMBER - NEEM AKSIE**

#### **1. Wat sê die Woord van God: (Levitikus 25:1-7)**

*“Die HERE het op die berg Sinai vir Moses gesê: ”Praat met die Israeliete en sê vir hulle, ‘Wanneer julle in die land kom wat Ek vir julle gaan gee, moet die land ‘n Sabbat vier vir die HERE. Ses jaar moet jy jou saailand saai en ses jaar moet jy jou wingerd snoei en die opbrengs daarvan insamel, maar die sewende jaar is ‘n sabbatsjaar, ‘n buitengewone rusjaar. Dit moet vir die grond ‘n sabbatsjaar wees tot eer van die HERE. Jou saailand mag jy nie saai nie en jou wingerd mag jy nie snoei nie. Die opslag van jou graanoes mag jy nie oes nie, en die druiwe aan jou onbesnoeide wingerd mag jy nie afoes nie. Dit moet vir die land ‘n buitengewone rusjaar wees. Die opbrengs van die land se Sabbat sal daar wees vir julle om te eet. Vir jou, vir jou slawe en slavinne, vir jou dagloners en jou bywoners, hulle wat by julle verblyf het, vir jou vee en die wilde diere wat in jou land is, sal die volle opbrengs van die land daar wees om te eet”.*

#### **2. Wat sê *Laudato Si'*:**

By die dringende uitdaging om ons gemeenskaplike tuiste te beskerm is dit dan noodsaaklik om die hele menslike familie saam te bring om ‘n oplossing te vind vir duursame en integrale ontwikkeling, want ons weet dat dinge kan verander. Die Skepper laat ons nie in die steek nie, Hy sal nie opgee met sy liefdesplan nie, Hy is nie spyt dat Hy ons gemaak het nie. Die mensheid beskik nog oor die vermoë om saam ons gemeenskaplike tuiste op te bou. Hier wil ek almal groet, bemoedig en dank wat in die mees diverse sektore van die samelewing werk om hierdie tuiste wat ons deel te beskerm. In die besonder bedank ek diegene wat so onvermoed werk om die tragiese gevolge te bekamp, wat die beskadiging van die omgewing op die lewens van die armstes in die wêreld het. Jongmense eis verandering. Hulle vra hulleself af hoe dit moontlik is om aan ‘n beter toekoms te werk sonder om na te dink oor die klimaatkrisis en die lyding van diegene wat uitgesluit is. (*Laudato Si'* 13)

Ek doen ‘n dringende oproep tot ‘n nuwe dialoog oor hoe ons besig is om die toekoms van ons planeet te vorm. Ons gesprekvoering sal almal moet insluit omdat die klimaatverandering wat besig is om te gebeur en die

menslike oorsprong daarvan, 'n impak op ons almal se lewens het. Die wêreldwye ekologiese beweging het al beduidende vooruitgang gemaak en daartoe gelei dat daar talle organisasies ontstaan het wat besig is om mense van die klimaatkrisis bewus te maak. Ongelukkig misluk baie inisiatiewe om konkrete oplossings te soek vir die omgewingskrisis, nie net omdat regerings daarteen gekant is nie, maar ook deur 'n algemene gebrek aan belangstelling. Negatiewe houdings, selfs van gelowiges, wat pogings tot oplossings belemmer, het dikwels te doen met 'n ontkenning van die probleem of onverskilligheid of 'n gemaksugtige berusting of 'n blinde vertrouwe in tegniese oplossings. Ons benodig 'n nuwe en universele solidariteit. Soos die biskoppe van Suider-Afrika dit gestel het: “die talente en die betrokkenheid van iedereen is noodsaaklik om die skade te herstel wat die menslike misbruik van God se skepping aangerig het”. As God se instrumente kan ons saamwerk om vir die skepping te sorg, elkeen met sy eie kultuur, ervaring, inisiatiewe en moontlikhede. (*Laudato Si' 14*)

### 3. Gedagte vir Vandag

Wanneer ons nie die wêreld as God se skepping raaksien nie, sal ons dit uiteindelik vir eie gewin misbruik. Selfsug en gulsigheid neem dan oor, en dan eindig ons op met 'n situasie waar niemand meer omgee oor die omgewing of die probleme wat ons vir toekomstige generasies agterlaat nie.

Waarom moet ons begaan wees oor ons omgewing? Dit gaan nie net oor die gevare wat besoedeling, klimaatverandering of ander omgewingsprobleme vir ons inhou nie—hoe ernstig hierdie ook al is. Vir Christene gaan dit veel dieper: Ons weet dat God die wêreld geskep het en dat dit aan Hom behoort en nie aan ons nie. Daarom is ons slegs bewakers of versorgers van God se skepping. Dit is as kosbare gawe aan ons toevertrou en ons durf dit nie misbruik of verwaarloos nie.

### 4. Gebed vir Vandag

God van die hele skepping, u goedheid en glorie skyn deur alles wat U gemaak het. Laat ons deur die lig van die geloof hierdie wêreld as ons almal se tuiste sien, en nie as 'n hulpbron om te beheer en uit te buit nie, maar as 'n gawe wat deur alle generasies gekoester moet word. Aangespoor deur u Gees, bid ons dit in die naam van Jesus, deur Wie die hele skepping tot stand gekom het. Amen.

### 5. Aksie vir Vandag (en voorstelle vir die res van die maand)

Verminder dit wat jy weggooi – aparte vullis – kook net wat jy kan eet – Herwin.

Deel dié boodskap met ten minste 10 ander mense en moedig hulle aan om dieselfde te doen.

Begin vandag klein en verbind jouself en jou gesin om dit vir die res van die maand te doen. Byv.

☺ Herwin alles wat jy moontlik kan in verskillende houers. Gee wat jy kan aan mense wat van herwinning leef.

☺ Maak 'n komposhoop met tuinvullis en groenteskille.

☺ Kweek jou eie groente; dit kan 'n pretprojek vir die hele gesin wees.

☺ Moenie goed weggooi wat jy aan iemand kan skenk nie.

☺ Maak tyd om die omgewing waar jy woon skoon te maak.

☺ Lei ander deur jou voorbeeld! Neem jou verantwoordelikheid as burger van die aarde ernstig op en spoor ander aan om dieselfde te doen.

**SATERDAG 4<sup>de</sup> SEPTEMBER - VR ONS AMAL SE TUISTE - AARDE**

### 1. Wat sê die Woord van God (Genesis 1:24-31)

“God het gesê: ‘Laat die land lewende wesens voortbring volgens elkeen se aard: mak diere, kruipende diere en wilde diere van die land, volgens elkeen se aard.’ Dit het toe so gebeur. God het die wilde diere van die aarde gemaak volgens elkeen se aard, en al die diere wat op die grond kruip volgens elkeen se aard. God het gesien dat



dit goed is.

God het gesê: “Laat Ons mense maak na ons beeld, as ons afbeelding, sodat hulle kan heers oor die visse van die see, die voëls van die hemel, die diere en oor die hele aarde, en oor al die kruipende diere wat op die aarde rondbeweeg.

God het die mens geskep na sy beeld, na die beeld van God het Hy hom geskep, manlik en vroulik het Hy hulle geskep. God het hulle geseën; God het vir hulle gesê: “Wees vrugbaar, vermeerder, vul die aarde en onderwerp dit. Heers oor die visse van die see, die voëls van die hemel en al die diere wat op die aarde rondbeweeg.”

God het gesê: “Kyk, Ek gee vir julle al die gewasse wat saad dra, wat op die oppervlakte van die hele aarde is, en al die bome waaraan daar vrugte is, wat saad dra. Vir julle sal dit as voedsel dien. En vir al die diere van die aarde en vir al die voëls van die hemel en alles wat rondbeweeg op die aarde waarin lewensasem is, gee Ek al die groen gewasse as voedsel.” Dit het toe so gebeur.

God het na alles gekyk wat Hy gemaak het, en kyk, dit was baie goed.

En dit was aand en dit was oggend – die sesde dag.

## 2. *Wat sê Laudato Si*

“Die hele materiële heelal gee uitdrukking aan God se liefde, van sy eindelose sorg vir ons. Die grond, die water, die berge, alles is die liefkosing van die Here. Almal van ons kan sekerlik terugdink aan ‘n pragtige sonsopkoms of - ondergang, ‘n wandeling tussen die plante en blomme of hoe dit voel om langs ‘n koel waterstroom te sit en die vars skoon water te drink. Al hierdie plekke het ons die kans gegun om iets omtrent ons ware identiteit terug te vind.” (*Laudato Si*’84)

“Nou huil ons suster, die aarde, oor die skade wat ons haar aangedoen het deur ons onverantwoordelike gebruik en misbruik van die goedere wat God aan haar toevertrou het. Ons het groot geword met die idee dat ons haar eienaars en base is en daarop geregtig is om haar na willekeur te plunder. Die geweld wat in die menslike hart, verwond deur die sonde, aanwesig is, kom na vore in die siektesimptome in die grond, in die water en in die lug en in alle lewensvorme. Daarom bevind ons onderdrukte en verwoeste aarde haar onder die mees verlate en mishandelde armes soos sy “sug en in geboortepyne verkeer’ (*Rom. 8:22*). Ons het vergeet dat ons self stof uit die aarde is (cf. *Gen. 2:7*); ons eie liggame is saamgestel uit elemente van die planeet, ons asem haar lug is, haar water skenk ons lewe en voed ons.” (*Laudato Si*’2)

## 3. *Gedagte vir Vandag*

Die aarde is ons almal se tuiste en ons Geloof gee ons die vertroue dat God se Gees die heelyd besig is om die aangesig van die Aarde te vernuwe. Deel van ons Christelike roeping is die feit dat dié vernuwing van die Aarde ook ons verantwoordelikheid is. Dit doen ons deur ‘n plek vir elke skepsel te verseker en ons werk om die regte verhouding tussen almal in die hele skepping te bewerkstellig. Op die oomblik bewoon ons ‘n wêreld wat ontwrig is deur die klimaatkrisis en die gepaardgaande verskynsels van aardverwarming, grond erosie, die uitdroging van vrugbare gebiede, lug- en waterbesoedeling ens. Die oorsaak van hierdie probleme kan toegeskryf word aan menslike aktiwiteite en dit is die armes van die wêreld wat die ergste daaronder ly. Saam met al die “burgers” van die planeet Aarde word ons opgeroep om dié wêreldwye omgewingskrisis aan te spreek deur daadwerklik aksie te neem deur ons verbruik van natuurlike hulpbronne te verminder en deur die hergebruik en herwinning van dit wat ons gebruik.

## 4. *Gebed vir Vandag*

God van tweede kans, ons erken die skade wat ons die aarde aangedoen het, asook die onreg wat ons elke dag in ons samelewing sien, en ons weet dat dit gedryf word deur ‘n behepthed met winsbejag en besittings. Ons bid vir die koms van ‘n beter wêreld, waar geregtigheid, vriendelikheid en nederigheid sal heers.

Ons vra U om ons Leidsman te wees om medeskeppers van hierdie nuwe wêreld te word.

Gee ons die vertroue om profetiese stemme te volg en op te staan teen die onreg wat mense en ons almal se tuiste aangedoen word. So kan ons saamstaan in u krag en ‘n einde maak aan die klimaatkrisis. Barmhartige God, verhoor ons gebed. Amen.

## 5. Aksie vir Vandag

- ☺ Verminder jou gebruik van plastiek deur van alternatiewe middele gebruik te maak en waar moontlik van jou plastiese vullis op 'n veilige manier ontslae te raak sodat dit nie in ons riviere en oseane beland nie.
  
- ☺ Gebruik materiaal (lap) gesigsmaskers wat weer gebruik kan word om die aantal weggoibare maskers te verminder wat ons omgewing besoedel. Sny die elastiese bandjies van die gesigsmaskers wanneer jy dit weggooi om te keer dat voëls se pote daarin verstrengel raak.